

DIE REGSGEVOLGE VAN DIE HUWELIK

'n Huwelik het geweldig baie aanpassings tot gevolg, persoonlik sowel as finansieel. Die laaste ding waaraan paartjies egter dink, is die regsimplikasies van 'n voorgenome huwelik.

Dit is uiters belangrik dat beide die bruid en bruidegom baie versigtig besluit watter regsgevolge die huwelik gaan hê op hul toekomstige lewens saam.

In Suid-Afrika het die paartjie 'n keuse tussen drie huweliksgeederebedelings, naamlik:

1. 'n Huwelik binne gemeenskap van goedere.
2. 'n Huwelik buite gemeenskap van goedere sonder die aanwasbedeling.
3. 'n Huwelik buite gemeenskap van goedere met die aanwasbedeling.

HUWELIK BINNE GEMEENSAP VAN GOEDERE

Indien die partye in die huwelik tree sonder om voor die huwelik 'n kontrak te sluit, word die huwelik geag as **binne gemeenskap van goedere**:

- Geen huweliksvoorwaardekontrak hoef gesluit te word nie.
- Daar is 'n outomatiese halwe aandeel vir beide gades in die boedel.
- Die man en vrou se kredietwaardigheid is gedurende die bestaan van die huwelik ewe groot.
- Voorhuwelikse bates wat in die huwelik ingebring word, word gedeel.
- Die gades is onbeskermd teen mekaar se skuldeisers – veral insolvensie is 'n groot probleem.
- Die administrasie van die gesamentlike boedel is ingewikkeld. Solank die huwelik gelukkig is, maak dit weinig saak, maar in geval van huweliksonenigheid kan veral die vereiste van gesamentlike toestemming tot groot probleme aanleiding gee.

HUWELIK BUIE GEMEENSAP VAN GOEDERE

Indien die partye egter voor die datum van huwelik 'n huweliks-kontrak sluit, sal die huwelik geag word as buite gemeenskap van goedere:

- 'n Huweliksvoorwaardekontrak is nodig om die stelsel van toepassing te maak.
- Die stelsel bied in 'n groot mate totale geskeidenheid tussen die boedels van elke gade tydens die bestaan van die huwelik.
- Die administrasie van elkeen se boedel is ongekompliseerd.
- Elke gade is grootliks beskerm teen skuldeisers van die ander gade.
- Die boedels van die gades word nie gedeel nie.
- Die gades deel nie mekaar se kredietwaardigheid nie.

Die enkele nadeel van die standaard huweliks-kontrak waar die aanwasbedeling nie van toepassing is nie, is die feit dat die gades geen reg het om in die groei van mekaar se boedels te deel nie. Daarteenoor kan juis die totale geskeidenheid van die standaard huweliks-kontrak die hoofoorweging wees waarom gades op hierdie bedeling besluit.

GETROUD BUIE GEMEENSAP VAN GOEDERE ONDERHEWIG AAN DIE AANWASBEDELING

Indien die kontrak meld dat die aanwasbedeling van toepassing is op die huwelik:

- Elke party verklaar in die huweliks-kontrak die netto aanvangswaarde van sy boedel (dit beteken die waarde van sy boedel nadat alle uitstaande skulde en alle bedrae wat aan hom verskuldig is, in berekening gebring is).

- Sekere bates kan genoem word in die kontrak, wat uitgesluit word deur aanwas soos byvoorbeeld 'n erflating.
- Met beëindiging van die huwelik (dood of egskeiding) word weer eens 'n netto waarde geplaas op die waarde van elke gade se boedel. So word die onderskeie groei/aanwas van elkeen se boedel tydens die bestaan van die huwelik bepaal.
- Die gade wie se boedel geen groei getoon het nie of 'n kleiner groei getoon het, verkry dan 'n vordering teen die ander gade vir 'n bedrag gelyk aan die helfte van die verskil tussen die aanwas/groei van die gades se onderskeie boedels.

• *Met Komplimente* •



Van Deventer & Campher Ing.

Prokureurs, Notarisse, Aktevervaardigers,
Boedelberedderaars en Taksateurs

Kerkstraat 48
Posbus 2125
MIDDELBURG
1050 MP
Tel : (013) 282 4675
Faks : (013) 282 4703